**Hierdie vrywaring moet ***onderteken*** word deur ***elke*** persoon wat die toer onderneem:**

## VRYWARING

**Christine van Wyk-Toere** se personeel, toerleiers en agente met wie die maatskappy saamwerk, tree by die organisering en aanbieding van enige toer slegs in 'n leidende of adviserende hoedanigheid op. Dit behels alle akkommodasie, uitstappies, besigtigingstoere en vervoer van toerlede, hetsy per bus, trein, lugvaart, bootvaart, kabelritte of enige ander vorm van vervoer.

- Die maatskappy en sy agente aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade, onkoste of ongerief deur kansellasie of vertragings in vertrek- of aankomstye van enige van bogenoemde vervoermiddele nie.
- Die maatskappy en sy agente aanvaar geen verantwoordelikheid vir kansellasie van enige toer of gedeelte van 'n toer as gevolg van natuurrampe of dade van terreur en die effek daarvan nie.
- Die maatskappy en sy agente aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlies of skade aan bagasie of enige ander item wat aan die toerlid behoort nie.
- Die maatskappy en sy agente aanvaar geen verantwoordelikheid vir beserings of ongevalle deur deelname aan enige van die toere nie.
- Die versekeringspolis wat die toerlid uitneem, is 'n onafhanklike ooreenkoms tussen die toerlid en die versekeringsmaatskappy. **Christine van Wyk-Toere** aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige dispuut tussen die twee partye nie.
- Die maatskappy behou die reg voor om enige persoon as deelnemer aan die toer te weier.
- **Christine van Wyk-Toere** mag weens onvoorsiene omstandighede veranderings aan die toerprogram aanbring.

**Christine van Wyk-Toere** en sy agente sal alles in hulle vermoë doen om enige van bogenoemde probleme te voorkom of die hoof te bied en is bereid om toerlede sover moontlik by te staan indien probleme ondervind word.

*Ek/Ons aanvaar bogenoemde voorwaardes, asook die kansellasie- en ander voorwaardes soos uiteengesit in die Nadere Besonderhede:*

***Datum*** ***Handtekening***

...../...../..... .....

...../...../..... .....

...../...../..... .....

...../...../..... .....

...../...../..... .....